Ps. 66: 1, 7. Ges. 70: 3, 4 Ges 94: 1, 2 Ps. 146: 5, 6, 8.

# Gee Ag op d. Arme!

Pötch. K 4 Des. 55
Doop: Armesorgdag.

Ps. 41, Joh. 12: 1-11.

Ps. 41: 2 – Welgeluksalig is hy wat ag gee op d. arme.

„Want die armes het julle altyd by julle" (Joh. 12: 8) Met hd. profetiese woord van Jesus het Hy een v.d. grootste waarhede van alle tye uitgespreek – nie om d/mee te kenne te gee dat ons dit moet aanvaar asof ons daar niks aan kan doen nie of moet doen nie! Nee: Christus het hd. woorde juis gebesig om ons Xt. gewete op te skerp tot groter diens t/oor d. arme, d. behoeftige, d. ellendige. D/im het Hy die gees v.d. hele Bybel ingetrek waar ons gedurig af/op gewys word: „Welgeluksalig is hy wat ag gee op d. arme."

Hd. woorde hou baie meer in as wat ons m.d. eerste oogopslag d/in lees. Dadelik kom die vr: Wat beteken dit om ag te gee op d. arme? As antw. wil ons dit v/m. so stel: dit beteken dat ons ag gee op die oorsake van, die gevolge van, ~~en~~ d. redmiddels teen armoede en d. seën wat God beloof aan hulle wat dit doen. Gee ag op:

I Die Oorsake van Armoede: Om d. arme te help moet ons eers weet, seker weet, w/om hy arm geword het. Dis onmoontlik om hier v/m al d. oorsake te gaan noem w/om mense arm word. Wil egter baie graag ons bepaal by d. armoede soos ons dit in ons eie gemeente en omgewing aantref – v dan noem ons o.a.

① Omstandighede buite mensl. beheer: So duidelik gesien i/d jare 32-33 toe die 2 groot D's: depressie en droogte duisende mense v. hulle plase gedryf het, oeste misluk het, d. veestapel verhonger het. Nog altyd so: langdurige siekte, skielike dood, ernstige teenslae in boerdery en besigheid – dinge buite beheer v.d. mees vlytige en arbeidsame – bring 'n mens maklik tot d. diepste armoede. Die ryke van v/d word gou d. arme van môre. Niemand kan ooit sê: Ek sal nie arm word nie! Bedrog & valshd, oneerlikhd in besighd wat baie onskuldiges beroof v. hulle laaste pennie!

② Gebrek aan genoegsame opleiding: Ons volk moes in die jare na 1933 die suur les leer dat in 'n land en wêreld soos ons Westerse met sy steeds groeiende nywerhede, fabrieke en organisasie 'n man sonder deegl. opleiding in sy professie of vak verlore is. Omdat daar wel so 'n groot skaarste aan arbeiders is laat baie ouers hulle kinders toe om te gaan werk voordat hulle Std. 8 of 10 gemaak het en sonder dat hulle moeite doen om as vakleerling te rik om gekwalif. vakman of arbeidsman te word. Gevolg? Vandag gaan alles nog goed – maar sodra daar d. geringste insinking of ekon. slapte kom wie moet eerste gaan? Altyd die een wat die swakste opleiding het. Dan gevolg: armoede!

③ Gebrek aan gesonde spaarsin: Nog 'n oorsaak: dat ons mense nog nooit geleer het om 'n reserwe opsy te sit vir d. kwade dag nie! Merk dit veral by mense wat 'n weeklikse betaling ontvang: sal moeilik om jouself te dissiplineer deur te sê: Ek spaar my £1 per week.

Baie se beswaar: Kan nie spaar in tyd waarin lewenskoste so hoog is nie! Antwd: Is baie v.d. dinge wat ons koop werklik nodig? Koop ons nie baiekeer net omdat ons sien: Jan en Sarie het dit nie?

Ander faktor wat gesonde spaarsin doodmaak: ons huurkoopstelsel met al sy euwels! Gevolg: Armoede!

④ Gebrek aan arbeidsaamheid: Ons moet wegkom v.d. valse idee dat ons 'n volk is wat hard werk. Vergelyk ons maar by oorsese arbeiders (by name d. Hollanders & Duitsers) en hulle lang werksure, deegl. vakmanskap (groep Hall. Dames in Pta). Waarom? Invloed naturel – verkeerde idee van handewerk as kafferwerk. Hoor ons mense praat van nog korter werksure en hoër lone! Bybel sê wel: „Die arbeider is sy loon werd" maar ook: „As iemand nie wil werk nie, mag hy ook nie eet nie."

⑤ Verbrokkeling van lewe: Miskien is dit vandag d. grootste enkele faktor in ons moderne samelewing wat lei tot verarming: die verbrokkeling v.d. huisl. lewe deur a) huweliksontrou en b) drankmisbruik. Waar vader of moeder ontrou is aan mekaar daar word die kinders verwaarloos, die inkomste verswak en d. spaarsin ondermyn — daar wag ellende en armoede om d. deur!

Voeg daarby d. ernstige omvang van drankmisbruik wat 'n mens se selfrespek ondermyn, jou inkomste verspil, jou gesondheid aantas, jou onbetroubaar maak in jou diens en 'n bestaan waar ons sê: 'n Vol bottel beteken 'n leë beursie!

⑥ Gebrek aan 'n lewende geloof: Almal van ons ontvang teenslae in d. lewe – maar sommige oorwin dit terwyl ander daaronder versink. Waarom? Omdat een se geloof in God lewend en sterk is en d. ander s'n swak of sterwend. Hoe baie mense wil word arm of is arm omdat hulle nie 'n pers. lewende geloof het in God en sy getrouheid nie! // Gee ag op die:

II Gevolg v. Armoede: Kan dit ongelukkig nie uitvoerig hier behandel nie (tyd te min) behalwe om net te wys op d. rampspoedige gevolge v. armoede vir beide arme en ryke:

① Berowe jou selfrespek, jou selfstandigheid, jou selfvertroue.
② Tas gesondheid en geluk aan.
③ Lei tot diefstal & onsedelikheid in baie gevalle.
④ Lê geweldige las op staat (pensioene en toelae)
⑤ Raak vervreem v. volks- en geloofsgenote
⑥ Verskerp maatsk. standsverskille

III Redmiddel teen Armoede: Wie ag gee op d. arme sal ag gee op sy redding. Hoe? Dit v. Jesus Christus:

① Beter opleiding vir ons kinders: Alles in ons vermoë doen as ouers, ouers & kerk om ons kinders so ver en so goed soos moontlik op te lei. Die wat nie na kollege of univ. kan gaan nie – sorg vir goeie ambags-, vak- of tegn. opleiding!

② Meer lewe binne ons vermoë: Sal opnuut moet leer om weg te breek van die valse waardebepalinge wat ons het, d. idee dat ons sekere geriewe moet hê anders gaan ons net nou dood – moet leer om nie op £100 p.m. te leef as ons net £50 pm verdien nie!

③ Kragdadige optrede i/s drankmisbruik: Die tyd is lankal ryp dat ons ~~ons~~ (asketiese + kerk) ~~ammsk~~ handeling t.o.v. d. ontsett. omvang v. drankmisbruik moet laat vaar. Ontwaak tot d. besef: a) word te veel gedrink in Potch. b) probleem v. wêreldwye omvang c) diep en lewende simpatie met alkoholis hê – nooit veroordeel d) as Xtengemeenskap i/d lig v Gods Wd begin handel!

④ Herstel grondgedagte v. Xt-armesorg: Wat beteken dit? a) Herstel v.d. diakonale amp: die diens van barmhartigheid soos Gods Wd dit aan ons gegee het, soos beoefen i/d N.T. Kerk! Wat is vandag die posisie? Duisende ponde word i/d deur d. staat as verpligte belasting vir armeversorging, pensioene + toelaes gehef wat die ~~bedrae v.d.~~ Kerk as vrywillige bydrae vir d. diens v.d. barmhd a.d. diakens moes toevertrou het. Uit d. aard v.d saak bly alle staatskeep onpersoonlik, koud, ongeestelik – hoe goed ookal bedoel. Lei tot bedrog en oneerlikhd met pensioene + toelaes – dit alles omdat d kerk sy diakonale sorg versaak en verwaarloos het!

b) Verantwd. familie t.o.v. armes fam. lede: Noodsaak van pers. versorging van kinders deur hulle ouers – gevaar v. ons Tehuise!

⑤ Meer prakt. uitlewing v.d. gemeenskap v.d. gelowige. Ons bely in Ap Gel Bel: „gemeenskap ...“ (Gen. 52 vs ) uitlewe! Armes meer besoek, opneem, ophef! (Vb. huis Meer Donne). Planne gemeente

⑥ Aankweek groter gees van Xt. milddadigheid: Dink aan J.K.: kranke genees, armes versorg, blindes v kreupeles gehelp, hongeriges gevoed, en aan d. armes d. Ev. verkondig! Dink aan sy beloftes: Ps 41 vs 2; Spr 28:27: „Wie a.d. arme gee sal nie gebrek ly nie“ Gal 6:10 „Laat ons dan, terwyl ons geleentheid het, aan almal goed doen, maar d. meeste a.d. huisgenote v.d geloof!“ „Dis saliger om te gee as om te ontvang“